

## DIE VERANDERENDE GRONDBESETTINGSPATROON VAN DIE NGQIKASTAM GEDURENDE DIE 19DE EEU

J S Bergh  
*Universiteit van Pretoria*

Die Ngqikastam was een van die Xhosastamme wat in die loop van die 19de eeu groot grondverlies gely het en aan massaverskuiwings moes deelneem. Die belangrikste faktore wat hiertoe bygedra het, was ongetwyfeld die onderlinge botsings en tweedrag in Xhosageledere en die voortdurende blank-swart-konflik aan die Oosgrens.

Die Ngqikastam is vernoem na die Xhosakaptein Ngqika en het ontstaan uit die Rharhabe-Xhosastam. Die Rharhabe het weer ontstaan toe die genealogies-senior Xhosastam in twee stamme, die Gcaleka en die Rharhabe, verdeel het. As jong, minderjarige seun is Ngqika aangewys as opperhoof van die Rharhabe. Sy oom, Ndlambe, 'n aktiewe dinamiese figuur, het aanvanklik as regent opgetree en die Rharhabe as 'n baie belangrike Xhosamag gevestig. Toe Ngqika egter volwassenheid bereik het, moes Ndlambe in 1795 afstand doen van die opperhoofskap. Om te verseker dat Ndlambe nie daarna sy gesag sou ondermyn of uitdaag nie, is hy gevange gehou by een van Ngqika se krále.

As gevolg van die Rharhabe se magsposisie, het groot grondgebied wes van die Keirivier teen die einde van die 18de en aan die begin van die 19de eeu in Ngqika se invloedseer geval. Ngqika het ook pogings van die Gcaleka, wat in die 18de eeu 'n tyd lank wes van die Kei gewoon het, om in te meng in die twis tussen hom en Ndlambe, gestuit. Die Gcaleka het teen die einde van die 18de eeu weer oos oor die Keirivier getrek en gevolglik vir Ngqika nog meer ruimte gelaat om sy mag uit te brei. Verder het van die onafhanklike Xhosastamme wes van die Kei, soos die Dange, Mbalu en Ghunukhwebe, in hierdie tyd hul steun aan Ngqika gegee. Xhosastamme verder wes in die Suurveldgebied wou weer so ver as moontlik uit Ngqika se magsgebied bly en was ook glad nie in die posisie om sy gesag uit te daag nie.<sup>1</sup>

Ndlambe en 'n aantal van sy volgelinge het in Februarie 1800 uit Ngqika se beheer ontsnap en hulle wes van die Visrivier in die Suurveld gaan vestig, waar Ndlambe 'n leidende figuur geword het. Ngqika se magsposisie is ernstig geknou deur die vyandskap wat voortaan met Ndlambe sou bestaan. Hierdie gebeurtenis het ook die Rharhabestam laat skeur in die Ngqikastam en die Ndlambestam. Enkele jare hierna het die konflik op geweld uitgeloop toe Ngqika een van Ndlambe se inkazana (bywywe) ontvoer het. Geeneen van die twee het egter 'n beslissende oorwinning behaal nie. Omdat hulle wes van die Visrivier sou bly woon het, was Ndlambe en die ander kapteins in diepraktyk steeds onafhanklik van Ngqika.<sup>2</sup> In 1809 het luitenant-kolonel R Collins nog verskeie Xhosastamme wes van die Keiskammarivier aangeref, waaronder Ndlambe en sy volgelinge, die Dange, Ghunukhwebe en Ntinde — som-

---

Alle argiefdokumente berus in die Kaapse argiefbewaarpark.

1. J B Peires: *The House of Phalo*, pp. 48—52; J S Marais: *Maynier and the First Boer Republic*, pp. 96—97.
2. J B Peires: *The House of Phalo*, pp. 53, 58—60.




mige van hulle selfs ten weste van die Sondagsrivier.<sup>3</sup> Met die Vierde Grensoorlog wat in Desember 1811 uitbreek het, is almal egter oos oor die Visrivier verdryf.

Omdat Ngqika intussen al hoe meer steun verloor het, kon hy slegs sy magposisie onder die Xhosa handhaaf deur 'n bondgenootskap met die Britte aan te gaan. Toe hy in 1818 beslissend verslaan is deur die gesamentlike magte van die Ndlambe en ander Xhosastamme, het die Britse magte tot sy redding gekom. Dit het uitloop op die Vyfde Grensoorlog. Na die oorlog is Ngqika as opperhoof herstel. In 1819 is hy toe deur lord Charles Somerset gedwing om namens die Xhosastamme afstand te doen van die grondgebied tussen die Keiskamme-Tyhume- en die Visrivier. Die gebied sou voortaan bekend staan as die "Neutral Territory" of "Ceded Territory". Hiermee moes die Ngqika 'n groot stuk goeie grondgebied tussen die Kat- en Tyhumerivier en van die ander Xhosastamme grond elders in die Neutrale Gebied prysgee.<sup>4</sup> Die nuwe westelike grens van die Xhosagebied was die Keiskammarivier tot waar die Tyhumerivier daarin uitmond. Verder noord het die grens langs die Tyhume tot by die Katrivierheuwels geloop en met die waterskeiding van die Katrivierheuwels tot waar dit aansluit by die Winterbergreeks.<sup>5</sup>

Die Ngqikagrondgebied is in 1822 deur eerwaarde John Brownlee beskryf in 'n rowwe skets en verklarende aantekeninge. Hy het in 1820 met die Tyhumesendingstasie naby Ngqika se kraal begin en het dus 'n goeie kennis van die grondgebied gehad. In 1822 het hy 'n lang reis deur Xhosagebied onderneem. Volgens sy skets en beskrywing het die Ngqika hoofsaaklik gewoon in die gebied wat gedreineer word deur die bolope van die Keiskamma- en Buffelsrivier, oos van die Tyhumerivier (vergelyk kaart 1). Die Ngqika het na bewering die onbewoonde stuk grondgebied net oos van die Buffelsrivierberge ontruim ná hul botsing met die Ndlambe in 1818. Klaarblyklik was daar op hierdie stadium ook Mbalu en Dange in die suidwestelike deel van die Ngqikagebied gevestig. Brownlee het ook opgemerk dat die Ndlambegebied suid van die Ngqika, tussen die Keiskamma- en Buffelsrivier, op daardie stadium feitlik onbewoon was, nadat die Ndlambe gedurende die Vyfde Grensoorlog ooswaarts daaruit verdryf is. Hulle sou eers 'n paar jaar later daarheen terugkeer. Die krale van Ndlambe en sy seun Mdushane was op hierdie stadium aan die Gqunube- en Nxarhunarivier geleë.<sup>6</sup>

Intussen het sommige Xhosakapteins — onder meer die Ngqikakapteins Maqoma en Tyhali — dit tog gewaag om weer die Neutrale Gebied saam met hulle volgelinge binne te gaan. Maqoma het aan die bolope van die Katrivier gaan woon en Tyhali aan die Mankazarivier. Maqoma is in 1829 ná 'n botsing met die Thembu in die omgewing van die Koonaprivier weer uit die Neutrale Gebied gesit. In die ont-ruimde gebied het die Katriviernedersetting vir Khoi en mense van gemengde herkoms toe ontstaan.<sup>7</sup>

3. G M Theal (ed.): *Records of the Cape Colony VII* (Journal of a Tour made by Lieutenant-Colonel Richard Collins ... 1809), pp. 56–98; A Stockenström: *Autobiography I*, pp. 41–47.
4. J B Peires: *The House of Phalo*, pp. 60–63, 79–80.
5. G M Theal (ed.): *Records of the Cape Colony XII* (Somerset — Bathurst, 15/10/1819), pp. 337–341.
6. CO 163: No 65 <sup>1</sup>/<sub>2</sub> Rough sketch of Rev. J. Brownlee's Journey, 1822 (enclosed in J Brownlee — J Bird, 26/8/1822); CO 2692: No 142, W B Dundas — R Bourke, 3/4/1827, n.p., with enclosed map; W Shaw: *The Story of my Mission in South-Eastern Africa*, pp. 140, 372–373, 375; C Sadler: *Never a Young Man*, p. 59; J S Bergh: *Die Lewe van C P Brownlee tot 1857 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1984)*, pp. 3–4.
7. J C Visagie: *Die Katriviernedersetting 1829–1839* (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Unisa, November 1978), pp. 34–37, 41–44, 62–64.




In 1833, 14 jaar na die totstandkoming van die Neutrale Gebied, het die Ngqika 'n verdere 10 360 hektaar van hul grondgebied verloor, naamlik dié deel tussen die Gaga- en Mgwali-rivier, twee westelike sytakke van die Tyhumerivier. Die rede hiervoor was dat kolonel T F Wade, die waarnemende goewerneur op daardie tydstit, van oordeel was dat die 1819-“ooreenkoms” tussen Ngqika en Somerset nooit korrek toegepas was nie. Hy het dus opdrag gegee dat sy interpretasie geïmplementeer word. Tyhali is gevolglik ook in hierdie tyd uit die gebied gesit.<sup>8</sup>

Na afloop van die Sesde Grensoorlog (1834–5) het sir Benjamin D'Urban die oosgrens van die Kolonie tot aan die Keirivier verskuif. In hierdie geannekseerde gebied is spesifieke grondgebiede toegeken aan die verskillende Xhosastamme wat hier woonagtig was. Die Ngqika het ongeveer dieselfde gebied behou as wat hulle voor die oorlog gehad het. Daarbenewens is 'n verdere grondgebied oos van hierdie gebied tot aan die Keirivier aan hulle toegeken<sup>9</sup> (vergelyk kaart 2). Hierdie nuwe grondverdeling was egter nie lank van krag nie, want in Desember 1838 is D'Urban se anneksasie van die gebied tot niet verklaar en is die sogenaamde verdragstelsel geïmplementeer.<sup>10</sup> Xhosakapteins is nou onder meer weer toegelaat om hulle in die Neutrale Gebied te vestig. Een van hulle was die Ngqikakaptein Maqoma, wat teen 1840 naby die samevloeiing van die Kat- en Blinkwater-rivier woonagtig was.<sup>11</sup>

Ook hierdie reëling was van korte duur, want net ná die Sewende Grensoorlog het sir Harry Smith op 23 Desember 1847 die gebied tussen die Keiskamma en Kei en verder noord tussen die Klipplaat- en Swart Keirivier as afsonderlike Britse Kolonie Brits-Kaffrarië geannekseer. Die verdragstelsel is hiermee formeel vervang met 'n stelsel van regstreekse Britse administrasie oor die gebied.<sup>12</sup> Aan die hoof was die goewerneur in sy hoedanigheid as hoë kommissaris, met in die gebied self onder meer 'n hoofkommissaris en kommissarisse. Vir administratiewe doeleindes is Brits-Kaffrarië in drie distrikte verdeel: die Ngqika-, Ndlambe- en Thembudistrikte. Stamme soos die Ntinde en Dange is ook by die Ngqikadistrik ingedeel, terwyl die Ghunukhwebe, Gasela, Mbalu, ens. weer by die Ndlambedistrik ingesluit is. In 1849 is die Ntindegebied heringedeel by die Ndlambedistrik en dié van die Mbalu by die

- 
8. J C Visagie: Die Katrieviermedersetting 1829–1839, pp. 211–214; J S Bergh and J C Visagie: *The Eastern Cape Frontier Zone 1660–1980*, p. 44.
9. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 29/5/1835, No 1536 (Proclamation and Declaration, 10/5/1835); B B P 278 Caffre War and Death of Hintza, 30/5/1836: (A) Articles of a Treaty of Peace, granted to the Caffre family of Gaika and its Connections and Dependants, 17/9/1835, pp. 95–97 and (B) ... to the Caffre Chiefs, of the Tribe of T'Slambie, Umhala, Tsyolo and Gaselli, and their Families ..., 17/9/1835, pp. 97–98 and Treaty of Agreement entered into between ... Governor of the Cape of Good Hope ... and the Chiefs Pato, Kama and Cobus ..., 17/9/1835, pp. 104–105; B B P 503 Caffre War ..., 12/7/1837: Government Notice, 23/11/1835, pp. 5–6 and Mission from the Chiefs ..., 11/12/1835, pp. 15–16 and Government Notice, 14/1/1836, p. 8 and Government Notice, 27/1/1836, pp. 9–10; L G 605 Kaffir Census, Gaika Tribes: W Boyce *et al* – H G Smith, 5/11/1835, pp. 31–33; L G 604 Papers re the breach of Treaties: C L Stretch *et al* – H G Smith, (?) January 1836, pp. 210–213 and Report, 6/1/1836, pp. 214–237.
10. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 9/6/1837, No 1642 (Proclamation, 5/12/1836, and Treaty ... between Andries Stockenstrom ... and the Tribe of Gaika, 5/12/1836) and 16/6/1837, No 1643 (Treaty ... between Andries Stockenstrom ... and the Caffer chiefs of the Tribe of T'Slambie, 5/12/1836, and Treaty ... between Andries Stockenstrom ... and the Caffir Chiefs of the Tribe of Congo, 5/12/1836).  
L G 435 Rough Sketch of the junction of the Blinkwater and Kat River and adjacent territory, p. 150 (enclosure to M Borchers – H Hudson, 8/9/1840, pp. 148–149).
12. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 30/12/1847, No 2196 (Proclamation, 23/12/1847).




Ngqikadistrik.<sup>13</sup> Brits-Kaffrarië is verder ingedeel in graafskappe met die name van Britse graafskappe, terwyl die krale van die onderskeie kapteins na Britse stede ver- noem is. Die Ngqikadistrik is ingedeel in twee graafskappe, Yorkshire en Middlesex. Sandile, opperhoof van die Ngqika, se kraal het die naam York gekry!<sup>14</sup>

Die belangrikste implikasie van die verwickelinge van 1847 was dat die Ngqika finaal moes afstand doen van hul grondgebied wes van die Tyhumerivier, wat 'n swaar slag vir hulle was. Hulle het egter volgens die omskrywing van hulle grondgebied in 'n proklamasie hul oorspronklike woongebied oos van hierdie rivier behou<sup>15</sup> (vergelyk kaart 3). Baie van die Ngqika was traag om na Brits-Kaffrarië te verskuif en Maqoma se versoek aan die hoofkommissaris in 1848 om na sy ou grondgebied in die omgewing van die Kat- en Blinkwaterrivier terug te keer, het ook nie geslaag nie. Desnieteen- staande is van sy onderdane steeds in daardie omgewing opgemerk.<sup>16</sup> Die vestiging van militêre nedersetters aan die westekant van die Tyhumerivier was ook vir die Ngqika 'n doring in die vlees. Voortdurende wrywing het tussen dié twee groepe plaasgevind, wat 'n belangrike bydraende oorsaak was van die uitbreek van die Agste Grensoorlog in Desember 1850. Die militêre nedersettings was dan ook een van die eerste aanvals- teikens van die Ngqika.<sup>17</sup>


Die vredesverdrag van Maart 1853 het die grondgebied van die Ngqika ingry- pend verander. Hulle moes die grondgebied wat hulle voor die oorlog bewoon het, prysgee. 'n Nuwe gebied, aangrensend aan die Keirivier, maar wes daarvan, is aan hulle toegesê. In die suide het dit gegrens aan die gebied van die Ndlambe onder Mhala en in die weste aan die grootpad na die noorde verby Windvogelberg. Aan- vanklik is die Thomasrivier as die noordelike grens geproklameer, maar dit is later ver- skuif na die heuwelagtige gebied noord van dié rivier<sup>18</sup> (vergelyk kaart 4). Die ou Ngqikagebied het die Crown Reserve geword en die Mfengu is toegelaat om hulle onder sekere voorwaardes daar te vestig. Blankes kon ook in dié gebied kom woon, maar slegs in die onmiddellike omgewing van militêre poste.<sup>19</sup> Die Ngqika het die verlies van hierdie grondgebied nie sonder meer aanvaar nie en het hulle in 'n versoek- skrif selfs op die Britse koningin beroep.<sup>20</sup>

Die volgende belangrike gebeurtenis wat 'n invloed gehad het op die bevolk- ingsdigtheid en woongebiede van die Xhosa in die algemeen en van die Ngqika in die besonder, was die sogenaamde Nasionale Selfmoordbeweging van 1856/7. Die groot hongersnood en ellende wat hierop gevolg het, het gepaard gegaan met groot lewens- verlies — sommige beraam dat tussen 20 000 en 25 000 Xhosa omgekrom het en

- 
13. J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, pp. 52–53; A E du Toit: The Cape Frontier (*Archives Year Book for South African History, 1954 I*), p. 30; GH 14/1: J Maclean — J Montagu, 19/2/1847 and the enclosure (The T'Slambie District).
  14. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 20/1/1848, No 2199 (Government Notice, 28/12/1847).
  15. Government Notice, 23/12/1847; *Government Gazette* Extraordinary, 25/12/1847 (Proclamation by Sir Harry Smith, 23/12/1847) and 8/1/1848 (Government Notice, 7/1/1848); GH 8/46: H Calderwood, Memorandum respecting Gaika Country (1847), n.p.
  16. J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, pp. 62, 65–66, 70.
  17. J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, pp. 81, 84.
  18. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 17/3/1853, No 2472 (Proclamation, 2/3/1853) and 17/11/1853, No 2510 (Proclamation, 10/11/1853); J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, pp. 107–108; M 1/76 Sketch of Proposed Extension of the Gaika Boundary, 1854 (copy).
  19. A E du Toit: The Cape Frontier, pp. 78–79, 269–270; GH 8/26; J Maclean — W Liddle, No 204, 3/3/1855 (enclosure to Sch. 181 of 3/3/1855); GH 8/24: J Ayliff — J Maclean, 1/7/1854.
  20. J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, pp. 110–111.







150 000 tot 200 000 beeste doodgemaak is.<sup>21</sup> Duisende Xhosa wat oorleef het, het hul stamgebiede verlaat om elders 'n heenkome te vind. Groot dele van Brits-Kaffrarië het ontvolk geraak en volgens opnames het die geskatte inwonertal vir dié gebied van ongeveer 105 000 op 1 Januarie 1857 verminder tot 37 200 teen 31 Julie 1857. In die Ngqikadistrik alleen was daar 'n vermindering van ongeveer 48 000 tot net minder as 11 000 vir dieselfde tydperk, met 'n waarskynlike verdere afname daarna.<sup>22</sup> In Augustus 1857 is byvoorbeeld opgemerk dat die gebied verlate voorgekom het.<sup>23</sup>

Die Xhosakapteins het as gevolg van hierdie gebeure baie aansien en mag verloor. Boonop is 'n hele aantal skuldig bevind aan oortredings soos diefstal, roof en aanranding en moes verskeie jare gevangenisstraf op Robbeneiland uitdien — onder meer Maqoma, Xhoxho, Mhala, Phatho, Dilima, Tola, Stokwe en Mfundisi.<sup>24</sup> Baie van hulle volgelinge het verspreid geraak. Sir George Grey wou gevolglik die ontvolkte gebiede in plase opdeel en aan blanke boere beskikbaar stel. Vir die doel is 'n spesiale "Board for the location of Colonial farmers in British Kaffraria" ingestel.<sup>25</sup> Die suidelike deel van die Ngqikadistrik waar Maqoma en die Dangekaptein Bhotomani woonagtig was, asook ander dele suid van die Khubusirivier is op hierdie wyse van die Ngqika vervreem<sup>26</sup> (vergelyk kaart 4 met kaart 5).

Die Negende Grensoorlog, wat in 1877 tussen die Koloniale magte en die Gcaleka uitbreek het, sou 'n nog meer deurslaggewende uitwerking op Ngqika-grondgebied hê. Die Ngqika het eers na 'n paar maande tot die oorlog toegetree en het tot die einde voortgeveg tot Sandile op 29 Mei 1878 gesneuwel het. Na die oorlog is die stamme wat daaraan deelgeneem het, verskuif. Veral die Ngqika is baie swaar gestraf. Hulle moes tot oos van die Keirivier trek, waar die suidwestelike deel van Gcalekaland (in die distrik Centane/Kentani) aan hulle toegeken is (vergelyk kaart 5). Selfs die groot aantal Ngqika wat nie aan die oorlog wou deelneem nie, is nie ontsien nie en het ook hul grondgebied verloor.<sup>27</sup>

Hiermee het die tydperk geëindig waarin die Ngqika groot grondgebiede wes van die Keirivier beset het, tot so ver wes as ten minste die Kat- en Blinkwaterrivier.

- 
21. BK 71: No 87, C Brownlee — J Maclean, 1/10/1857, n.p.; C Brownlee: *Reminiscences of Kafir Life and History*, pp. 138, 171.
  22. GH 8/33: No 92, C Brownlee — J Maclean, 17/10/1857, n.p. and the attached return called for by the Chief Commissioner, 1/10/1857, n.p. (enclosures to Sch. 514 of 22/10/1857); GH 28/72: J Maclean, Statement of the probable number of Kraals, Population and Firearms in British Kaffraria, exclusive to the Crown Reserve, on the 1st January and 1st July 1857, n.p., n.d. (enclosure to Despatch 189 of 4/12/1857).
  23. GH 8/32: C Brownlee — J Maclean, 29/6/1857, n.p. (enclosure to Sch. 468 of 6/7/1857); BK 71: No 76, C Brownlee — J Maclean, 24/8/1857, n.p. and No 87, C Brownlee — J Maclean, 1/10/1857, n.p.
  24. J S Bergh: Die Lewe van C P Brownlee tot 1857, p. 190—191.
  25. J S Bergh and J C Visagie: *The Eastern Cape Frontier Zone 1660—1980*, pp. 56—57.
  26. C Brownlee: *Reminiscences of Kafir Life and History*, pp. 171—172; J S Bergh and J C Visagie: *The Eastern Cape Frontier Zone 1660 — 1980*, pp. 56—57.
  27. J S Bergh and J C Visagie: *The Eastern Cape Frontier Zone 1660—1980*, pp. 60—61.